# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 153 1 Februarie 2019






In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

### Uitnodiging

Ek wil aan die begin van hierdie kalenderjaar 'n uitnodiging rig tot al die lesers van Koersvas: "*Stuur nuusberigte vanuit u gemeente deur vir publikasie in Koersvas. Dit kan enige berig wees oor prestasies, gebeurtenisse of mylpale van die gemeente of lidmate. Ons hoor graag van lidmate se matriekuitslae, sportprestasies, gradeplegtighede.*

*Kranige skrywers word uitgenooi om 'n redaksionele artikel in te stuur; u kan dit onder u eie naam of anoniem doen.*

*Staaltjies en brokkies geskiedenis is ewe eens baie welkom. Ons hoor graag van u. Koersvas is die amptelike mondstuk van die GHG*

*Dr Johan Otto - Redakteur*

### WAARHEID of waarheid?

Ons denke is vasgevang in die greep van relativisme. Daar word beweer dat daar geen absolute waarheid is nie. Ironies genoeg word die absolute vesting van sekerheid dat iets waar is, een laaste keer as basis gebruik om alle sekerheid te vernietig. Wat is die uitspraak; "daar is geen absolute waarheid nie", anders as self 'n absolute uitspraak oor die waarheid? Sommige mense verwys na die Post-modernisme. Dit is 'n mistasting. Die relativisme waarmee ons vandag worstel is die produk van die Marxistiese denke en die sogenaamde kritiese teorie. Hierdie verwysing is simplisties en tog kan dit verdedig word. Dit is egter nie die fokuspunt van hierdie redaksioneel nie. Wat ookal die oorsprong en presiese aard van die tydsgees (zeitgeist), die gevolge is ontsettend.

Op ons geloofslewe is die impak van relativisme baie skadelik. Dit verlam nie net enige toegewyde sending poging nie, dit verlam elke mens in sy diepste wese. Ons geloof word skielik iets wat relatief tot ons ervaring is. Die ervaring en oortuiging staan volgens hierdie denke op dieselfde "vaste" grond as die geloof in Christus. Wyle prof. Ben Engelbrecht het soms tydens tentamens (mondelinge eksamens) en met klasbesprekings opgemerk; "*ôk reg*". Dan moes jy weet dat jy baie vêr van die korrekte antwoord is. Vandag beteken dit vir mense dat almal reg is omdat daar net "jou waarheid" is en geen "die waarheid" (universele waarheid) is nie.

Relativisme werk verlammend in op ons gemoed. Dit stel ons bloot aan 'n ongefundeerde onsekerheid wat ons rigtingloos laat. Daar is twee uitsprake in die

Bybel oor hierdie probleem wat ons in ag moet neem.
Die eerste is in Johannes 14:6 " *Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die* ***waarheid*** *en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*." Hierdie absolute uitspraak word gekoppel aan Johannes 18:37-38 "*Dan is jy tog wel 'n koning?" vra Pilatus. "Dit is soos u sê: Ek is 'n koning," antwoord Jesus. "Ek moet oor die* ***waarheid*** *getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê." "Wat is waarheid?" sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: "Ek vind geen skuld in hom nie"* Pilatus se reaksie wys duidelik dat hy nie met die waarheid van Jesus se koms en werk gemaklik is nie. Sy ongemak het nie verander aan die waarheid nie. Vreemd genoeg het sy optrede juis meegewerk om te bevestig dat Jesus met die waarheid besig was, dat Hy **die waarheid** is.
Die waarheid is kompleks. Enige persoon wat wil stel dat hulle met 'n enkele greep of opsomming die waarheid kan uitspel, tas werklik in die duister. Die woordeboek dui waarheid aan as: *akkuraatheid, korrektheid, juistheid, onvervalstheid, eksaktheid, presiesheid, werklikheid, realiteit, feitelikheid, wesenlikheid, konkreetheid, aktualiteit, realisme, waaragtigheid, bewese feit, eerlikheid, opregtheid, openhartigheid, rondborstigheid, eerbaarheid, integriteit, getrouheid, egtheid, natuurlikheid.* Daar is met ander woord baie meer dimensies tot die waarheid as wat ons kan aandui. Die vier Evangelies illustreer hierdie punt op 'n ander manier. Hulle bied vier perspektiewe op die een Heer en Heiland se lewe, sterwe en opstanding. Relativisme wil dat ons die vier teen mekaar moet afspeel en moet kies vir een. Dit is dwaas om die ryke verskeidenheid van God se openbaring so te wil gebruik dat jy perspektiewe teen mekaar afspeel. Ons blik op die waarheid is juis beter omdat ons vier Evangelies het. Die waarheid is na sy aard nie iets wat een mens of een gemeenskap in pag kan hê nie. Dit is nie die instrument waarmee ander se perspektiewe aangeval en vernietig word nie. Ons word deur die waarheid in beslag geneem, dit is nie ons wat die waarheid beheer nie. Hierdie wete bring rustigheid in elkeen se gemoed. Ons kan met oortuiging optree, ons kan met toewyding dien. Geloof in God Drie-Enig is nie "ôk reg" nie, dit is heeltemal reg. Dit bring dat ons met 'n self-versekerde gemoed kan besig wees met ons lewe. Ons hoef nie ander met die WAARHEID te oorweldig nie. Ons bied die WAARHEID aan en laat die WAARHEID toe om self ander aan te gryp. Dit is waarom dit 'n voorreg is om die Evangelie te mag verkondig. Ons mag dit onbeskaamd sê.

### BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## Bestuurskomitee vergader

Die bestuurskomiteevergadering het plaasgevind op 18 Januarie 2019. Daar was verskeie sake wat bespreek.
Gemeentes en kerkrade moet kennis neem van die predikante beraad wat D.V. op 13-14 Maart 2019 plaasvind. Die tema vir die gesprekke is kerkbegrip (ekklesiologie). Hierdie is 'n belangrike slyp-geleentheid en gemeentes word versoek om hulle predikant te ondersteun en die geleentheid te gee om dit by te woon. Dit word geag as deel van predikante se werk en is nie deel van verlof nie.

Die Bybelvasvrae is bespreek, sien berig hier onder.

Die komitee se riglyne rondom vergoeding en kontrakte is reeds in 'n skrywe na gemeentes gestuur.

Die bydraes tot die regsfonds is ook bespreek. Die versoek is dat gemeentes sal onthou (met die opstel van begrotings) dat die bydraes tot die regsfonds van kardinale belang is. Die begroting om te kan bly veg, tot ten minste 2025, is tot die been gesny met die opstel van die state. Ons moet bly saamstaan en mekaar ondersteun, dit is in belang van ons almal dat ons hierdie saak enduit deursien.

## BYBELVASVRAE 2019

Ten opsigte van die Bybelvasvrae het Ds. DA van Rooyen laat weet:

Op die Bondsvergadering van 2018, is daar besluit dat daar slegs 'n gemeente en finale rondte gehou sal word in 2019.

In hierdie skrywe ontvang u reeds kennis van die inhoud van 2019 se Bybelvasvrae en u sal op 'n latere stadium gevra word om u inligting deur te gee.

1. Kategorieë:
- Laerskool Graad 1 tot 7
- Hoërskool Graad 8 tot 11
- Ope Afdeling 0 tot 120 jaar oud

2. Spanne:
- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

3. **Bestek**

a. Laerskole, Hoërskool en Ope afdelings

i. Uit die Bybel die 1983-Afrikaanse Vertaling : **Die Boek Jona** (50 % van vraestel )

ii. **Algemene Bybelkennis** (50% van vraestel )

4. Datums

a. Gemeente rondte enige tyd voor einde April 2019

b. Finale Rondte 2 Junie 2019

5. Puntetelling en tydsduur

1. 1 uur vraestel:

1. 50 Punte Hoërskool en Ope afdeling
2. 40 Punte Laerskool

6. Vraestelle:

Vraestelle van gemeente rondte word deur die gemeente self opgestel en gemerk. Finale rondte vraestelle word deur my opgestel en versend, saam met memorandums. Gemeente predikante merk die vraestelle en punte word aan my deurgegee. Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

A. Laerskool
- Meervoudige keuse (10 punte)
- Waar of vals (10 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (10 punte)
- Blokkiesraaisel (10 punte)

B. Hoërskool en Ope afdeling:
- Meervoudige keuse (10 punte)
- Waar of vals (10 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (10 punte)
- Blokkiesraaisel (10 punte)
- Kort 1 punt antwoorde (10 punte)

## GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**BLOEMFONTEIN**

Vir studente - tuinwoonstel te huur. Kontak ds Strauss. Sien advertensie onder aan Koersvas

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**

**Te huur: Tuinwoonstel**
**vir die ernstige student**

Netjies ingerigte enkelwoonstel
met ommuurde privaattuin
Ingeboude kaste & Kombuiskaseenheid
Aangrensende badkamer met stort en
voorsiening om eie wasmasjien te koppel
Lugreëling
Veilige en goedbeligte parkering

**Kostes:**
Huur R3,000 per maand met deposito van R3,000
Betaal eie krag – eie meter vir lees van eenhede gebruik
**Ingesluit:**
Aparte alarm
Water mits spaarsamig gebruik
**Opsie:**
Kan inkoop op bestaande Telkom LTE – internet
Daar is plek op plaveisel vir eie mobiele braai-eenheid

**Huurder verskaf self:** Eie gordyne, meubels en toerusting (yskas ens).

**Reëls:** Geen troeteldiere en geraas

**Vir navrae en besigtiging**
**skakel 076 061 0129**

